SWARTLAND WYNKELDER

Swartland Wynkelder oes VSA-pryse in

Verwag 'n jaar van uitsonderlike witwyne uit 'n oes van gehalte. Só sê Swartland Wynkelder se keldermeester, Andries Blake.

Vanjaar se oes, die 60ste een in die Wynkelder se geskiedenis, was later en korter as gewoonlik. Dit het die hittegolf gemis en voordeel uit die koeler dae getrek. Nou is al die druiwe in, die wyn is in die tenks en die vooruitsigte vir die 2009 oesjaar lyk belowend.

Swartland se keldermeester sowel as wingerdboukundige Klaas Coetzee stem saam dat dit 'n jaar vir witwyne is. Kyk dus uit vir Swartland se 2009 Chardonnay and Sauvignon Blanc, en die ongewone Viognier. Hulle is ook vol lof vir die rooiwyne, veral die 2009 Malbec.

Sebeka, die handelsmerkwyn wat Swartland vir E&J Gallo in die VSA produseer, botteleer en verskeep, het onlangs drie medaljes by die Hilton Head Area Hospitality Association Wine Fest & Competition in Amerika gewen.

Dit lyk dus asof die Amerikaners begin om die uitstekende gehalte van Suid-Afrikaanse wyne te erken. Die 2007 Sebeka Cabernet Sauvignon/Pinotage het Dubbele Goud gewen, en die 2007 Sebeka Shiraz/Pinotage en 2008 Sebeka Chenin Blanc het Silwer gewen.

As een van die top tien uitvoerders van wyn in Suid-Afrika is Swartland Wynkelder besonder trots op sy prestasies in die VSA sowel as ander lande waarin die Sebeka-handelsmerk verkoop word.

Die jaar 2009 toon al die tekens van 'n uitsonderlike jaar van wyn maak.

Kry meer inligting by www.swwines.co.za of skakel 022 482 1134.

CATAPULT SWL637

Nie te koop aan persone onder 18.